Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

BDram Drama (01130117)

Duur van studie	3 jaar
Totale krediete	486
Kontak	Mr BJH Snyman bailey.snyman@up.ac.za +27 (0)124203111

Programinligting

Hierdie program is gerig op die studie van optrede in verhouding tot teater, drama/teater in onderrig, uitvoerende kunstebestuur, film en televisie en die wisselwerking tussen tegnologie en optrede. Die program lei die student tot begrip van die akademiese diskoerse en die praktiese vaardighede wat nodig is om verskeie modaliteite van optrede te ondersoek, skep, bestuur en te bemark.

Sluitingsdatum vir aansoeke:

30 Junie jaarliks

Addisionele vereistes

Oorskakelaars van ander tersiêre instellings wat hul eerstejaar suksesvol voltooi het, mag slegs vanaf die begin van die tweede studiejaar registreer. Toelating is onderhewig aan ’n programaanbieding en die suksesvolle aflegging van ’n tentamen.

Oudisie:

Gedurende Augustus word daar ’n oudisie (prakties en teoreties) deur die Departement aangebied om die mees geskikte aansoekers tot hierdie graad toe te laat. Die Departement sal die datum van die oudisie aan die voornemende kandidate kommunikeer. Die Departement behou die reg om ’n kandidaat op grond van die oudisie uit te sluit.

Ander programspesifieke inligting

Let wel:

- Keuses binne die spesifieke derdejaarsmodules sal in oorleg met die programkoördineerders en die betrokke dosente gemaak word.
- Produksies: Vereistes sal deur die departementshoof bepaal word.

G Gelyktydige registrasie vir modules

Bevordering tot volgende studiejaar

Bevordering tot die tweede studiejaar:

Slaag 12 krediete uit die fundamentele modules, ingeslote alle VAG-modules asook ten minste 50 krediete uit die kernmodules in die eerste studiejaar

Bevordering tot die derde studiejaar:

Slaag alle eerstejaarskrediete asook ten minste 90 krediete van die tweede studiejaar.

Afwykings van hierdie vereistes mag slegs deur die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, goedgekeur word.

Slaag met lof

'n Student moet 'n gemiddelde van minstens 75% in al die teoretiese modules op derdejaarsvlak behaal, asook 75% in die praxismodule TNP op derdejaarsvlak.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.